agra
SERVICE•RANGE•COUNTRYWIDE

# RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS'NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

## JAARLIKSE SPEENKALFVEILINGS HOOGTEPUNT OP AGRA VEILINGSKALENDER

Speenkalfveilings is eiesoortig aan Agra die afgelope jare en hierdie jaar doen Agra dit weer. Die jaarlikse speenkalfveilings wat gedurende Julie en Augustus deur Agra aangebied word is een van die hoogtepunte op Agra se veilingskalender. Agra bied aan alle speenkalfprodusente die geleentheid om speenkalwers van hoogstaande kwaliteit wat spesiaal vir hierdie geleentheid voorberei is, by Agra se speenkalfveilings te bemark wat by alle lewende hawe takke van Agra aangebied sal word.

Winter is die tradisionele tyd van die jaar wanneer produsente hulle kalweroes moet speen. Dit is seker een van die besigste tye op 'n beesplaas want kalwers word gebrand, geënt, onthoring, gekastreer en geselekteer. Speenkalwers van hoë kwaliteit word weereens op vanjaar se speenkalfveilings verwag. Agra is die grootste handelaar van lewende hawe in die land. Agra bied aan sy lewende hawe kliënte 'n uitstekende en professionele diens met moderne veilings fasiliteite wat Agra die nommer 1 keuse maak vir die bemarking van alle lewende hawe. Agra se opgeleide personeel bied ook 'n diens aan alle speenkalfprodusente in die voorbereiding van hoë kwaliteit diere.

Agra bied weer vanjaar 'n kompetisie by elke speenkalfveiling aan vir speenkalfprodusente wat kalwers inskryf vir die jaarlikse speenkalfveilings. Die kompetisie sal van toepassing wees by die volgende speenkalfveilings:

| | |
|---|---|
| Okahandja | 19 Julie |
| Outjo | 31 Julie |
| Grootfontein | 01 Augustus |
| Otjiwarongo | 02 Augustus |
| Gobabis | 03 Augustus |
| Otavi | 03 Augustus |
| Rehoboth | 07 Augustus |
| Imkerhof | 08 Augustus |
| Aranos | 09 Augustus |
| Duikersvlei | 09 Augustus |
| Aub | 15 Augustus |
| Loskop | 17 Augustus |
| Windhoek | 23 Augustus |
| Stampriet | 05 September |

Agra moedig alle speenkalfprodusente aan om hul kalwers by hierdie kompetisie in te skryf.



Verskeie pryse is op die spel wat insluit:

- 'n Eerste, tweede en derde plek wat toegeken word per veiling aan produsente wat diere inskryf en kwalifiseer volgens die beoordelaars se standaarde.
- Ander pryse wat per veiling toegeken sal word sluit pryse in vir die pakkie kalwers met die beste groeipotensiaal op die veld; hoogste prys per kilogram behaal vir 'n pakkie kalwers; mees eenvormige pakkie en die meeste kalwers in geldwaarde verkoop.
- 'n Algehele wenner sal na afloop van al die speenkalfveilings aangewys word en 'n kontantprys ter waarde van N$5 000 losslaan.

Verskeie instansies gaan weer, soos in die verlede as borge optree waarvoor ons byvoorbaat baie dankie sê aan Standard Bank, Voermeester, BP, Bayer, N-Wes, Intervet, Pfizer, Virbac en Molatek.

Speenkalwers word volgens sekere kriteria beoordeel en behaal 'n punt uit 'n totaal van 100 vir 'n groep van 15 - 30 tollies. Die huidige kriteria is so opgestel dat dit voldoen aan die vereistes van die Suid Afrikaanse voerkrale ten einde maksimum wins uit die kalwers te maak wat hier aangekoop word. Agra moedig alle speenkalf-produsente aan om hul diere hiervolgens voor te berei.

Brande moet duidelik sigbaar wees. Geen huidbeskadiging (kerngedeelte) moet teenwoordig wees nie. Diere moet goed onthoring wees. Geen punte word toegeken vir diere met horings nie. Punte word ook toegeken vir diere se temperament en massa gelykvormigheid. Massa geskiktheid, groeipotensiaal en bespiering vorm 50 % van die totale punte wat toegeken word.

Agra, u nommer 1 keuse vir die bemarking van lewende hawe rig hiermee 'n uitnodiging aan alle speenkalfprodusente om kalwers in te skryf vir die jaarlikse speenkalfveilings. Agra bied 'n aangename dienservaring aan alle kliënte met ons opgeleide en professionele personeel en netjiese fasiliteite. Lewende hawe beamptes sal u help om diere te selekteer en voor te berei vir die veiling. Skakel gerus u naaste Agra lewende hawe kantoor vir verdere inligting oor die speenkalfveiling van u keuse.

# REDAKSIONEEL

Agra se jaarlikse speenkalf-veilings neem eersdaags weer in aanvang. As een van die hoogtepunte op die lewende hawe veilingskalender, word daar met groot verwagting hierna uitgesien. Die beoordeling van speenkalwers volgens sekere kriteria bied ook aan produsente die geleentheid om die beste diere op die veiling ten toon te stel.

Dit is 'n miernes van bedrywighede by die Pelssentrum om die nagenoeg 53 000 pelse wat aangebied sal word op die volgende pelsveiling in Kopenhagen, in gereedheid te bring. Nuwe maatreëls is in plek gebring om te verseker dat die sortiment van hoogstaande gehalte sal bly.

Wonderlike nuus vir die suide is dat die Alco voerkraal vanaf 15 Augustus onder nuwe en onafhanklike bestuur gaan her-open. Die voerkraal fasiliteite gaan uitverhuur en privaat bestuur word.

Na 'n baie suksesvolle groepering-skietkompetisie by die Outjo Wildfees, bied Safari Den ook vanjaar 'n skietkompetisie by die Stampriet Skou aan.

Ter afsluiting wil ek graag versoek, indien u enige navrae of voorstelle het, dit te rig aan Birgit Hoffmann, Bemarkingsbestuurder van Agra by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan birgith@agra.com.na

Groete tot 'n volgende uitgawe!


Alida Coertzen
Kommunikasiebeampte
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel: 061-2909234
E-pos: alidac@agra.com.na


# AGRA'S BURSARY SCHEME PART OF CORPORATE SOCIAL UPLIFTMENT

Agra is actively involved in uplifting Namibian communities, and Agra's bursary scheme forms part of the overall corporate social investment plan of the company.

Agra awarded two bursaries for the 2006/2007 financial year for students studying towards an educational qualification at an accredited Namibian and/or South African tertiary institution. The Agra Bursary Scheme aims to provide successful candidates with financial assistance so that they can meet their study obligations. Agra bursaries are awarded for Bachelor's degrees, diplomas of Commerce or for studies within other related fields which have been identified by Agra as benefiting from qualified employees.

During semester holidays, these successful bursary applicants will be working at Agra . The applicant undertakes to enter into fulltime employment with Agra upon graduation for the same duration as the subsidized university or technicon attendance lasted.

Frederico van Wyk and Socrates Bartholomeu, are two successful students who received bursaries from Agra under the Agra Bursary Scheme. Agra's total investment towards their education amounts to the value of N$26 000.

**Frederico van Wyk** is a first year student at the University of Pretoria, studying towards a B.Com degree, majoring in Economics. The purpose of this degree is to provide the student with knowledge on the economic and financial systems of a country and how these are influenced by the global economy and financial markets. The course will equip him with the necessary theoretical and applied principles of economics and effects of the economic policy, such as fiscal policy, monetary policy and labour policy. Once he has obtained his degree, Frederico will be able to advise management in private as well as public sectors.

Frederico aims at becoming a qualified economist after completing his tertiary studies. At the age of 23 years, he is older than the usual eighteen year-old first-year student, and he uses his spare time to read and work out at the gym. The University of Pretoria is definitely his first choice as this institution ranks among the best with regard to business and economy-related studies.

**Socrates Bartholomeu** completed grade 12 in 2004 at the Delta Secondary School in Windhoek. He is a third-year Accounting student at the University of Namibia majoring in financial management. Apart from his studies at the University, he holds a number of portfolios, such as Vice President of the university's accounting society and Chairperson of the soccer club. He is also a tutor in mathematics.



*Socrates Bartholomeu receiving his financial assistance from Agra's Human Resources Manager, Griffort Beukes*



*Bursary Holder Frederico van Wyk working at Auas Vet Med during his vacation*

# AGRA VERSEKER PELSSORTERING VAN HOOGSTAANDE GEHALTE

Agra Pelssentrum is in volle swang aan die gang om pelse gereed te kry vir die volgende pelsveiling wat op die 31ste Augustus in Kopenhagen gehou gaan word. Met die klein getal pelse wat aanvanklik ingekom het a.g.v. die veiling wat twee weke vroeër is as normaalweg en die tendens dat ooie later begin lam het hierdie jaar, was die Pelssentrum genoodsaak om die sluitingsdatum een week aan te skuif om produsente sodoende te help om meer pelse in te dien. Ons gaan nou ongeveer 53 000 pelse aanbied wat gelykstaande is aan die getal wat ons in September 2006 aangebied het. Ons hoop dat die verwagte styging in getalle wat ons vir die kopers belowe het in April 2008 sal realiseer.

Met die hoofsorteerder, Jeremy Duffield-Harding, wat nie weer sy kontrak hernu het nie, word die taak nou deur die bestaande personeel, onder leiding van Wessel Visser, Bestuurder van die Agra Pelssentrum, verrig. Nardus Strauss tree nou op as hoofsorteerder en word bygestaan deur Aldolf Awaseb. Beide hierdie persone is deur Jeremy opgelei. Gelukkig is Jeremy nie heeltemal verlore vir die bedryf nie en het hy ingestem om vir hierdie veiling t.o.v. opleiding en kwaliteitsbeheer te help om sodoende te verseker dat ons sortiment van hoogstaande gehalte bly.





**Roger Ryland**

Die Pelssentrum het dit egter goedgedink om met hierdie veiling van ander kundigheid ook gebruik te maak en het Mnr Roger Ryland genader om sy ondervinding van die **Swakara** sortiment en die pelsbedryf met ons te kom deel. Roger was betrokke in Namibië vanaf 1958 en daar is min pelsprodusente en plase wat hy nie ken of besoek het nie. Hy was ook 'n **Swakara** pels afslaer en sy ondervinding van die kopers en hul voorkeure is van onskatbare waarde.

Op 1 Julie 2007 is Philip Fourie vanaf Agra Lewendehawe oorgeplaas na die Agra Pelssentrum. Behalwe vir pelssortering gaan hy ook vir voorligting en die uitvoering van die Karakoelraad se projekte verantwoordelik wees. Hierdie pos word ook gedeeltelik deur die Karakoelraad gefinansieer.

Philip en Henry Awaseb, pelswerker, is deel van die nuwe personeel wat nou opgelei word om te help met die pelssortering om sodoende gerat te wees as ons in die toekoms meer pelse moet hanteer.



**Philip Fourie**

## BELANGRIKE KENNISGEWING

Ons wil graag alle vertoners van lewende hawe daaraan herinner om vroegtydig strooi en lusern te bestel vir die gebruik by die Windhoek en Gobabis Skoue.

Windhoek Skou vind plaas vanaf 28 September tot 06 Oktober 2007 en Gobabis Skou vanaf 24 26 September 2007

Kontak Persone:

Windhoek: Tobie Barlow<br>Agra Winkelbestuurder<br>Tel: 061-290 9305

Gobabis: Jurgen Steidler<br>Agra Winkelbestuurder<br>Tel: 062-562751

# FIRST QUAD BIKE GOES TO OKAHANDJA

The first of a total of 3 quad bikes to be won in Agra's annual hunting competition went to Okahandja on Thursday, 28th June. The lucky winner, Mr Vincent Louw says he has never won a prize before and is very thrilled about the prize he won in Agra's hunting competition.

"I am not a member of Agra and still I had the opportunity to take part in this great competition offered by Agra", said Mr Louw. According to Mr Louw he is a regular customer of Agra Okahandja. "I only bought one product, cement to complete the building of my house," said a very excited Mr Louw. Mr Vincent Louw is a forester at the Ministry of Agriculture, Water and Forestry. He is a weekend farmer and shares in the farming activities with his father on a farm in the Rehoboth district. Mr Louw farms mainly with cattle and some boergoats.

"I am very thankful to Agra for this great competition in which we all can participate and the excellent service I enjoy at Agra Okahandja. Naturally I am very happy about winning the quad bike and wish to assure Agra that it will be of great use in my farming activities," said Vincent Louw. He would also like to encourage all customers and potential customers to come and shop at Agra, where you get a great service, friendly advice and the chance to win even greater prizes.

Agra's hunting competition is open to everybody who shops at any Agra branch or Safari Den. You don't have to be a member of Agra to take part in this competition. Agra does not only cater for farmers, but for any customer who wishes to shop at Agra. Winning with Agra



*Vincent Louw, proud new owner of the first quad bike, receiving the keys from Leon Erasmus, Branch Manager of Agra Okahandja. Two more quad bikes are up for grabs in Agra's annual hunting competition*

is easy! All you have to do is buy any product/s to the value of N$1 000 at any Agra branch countrywide or at Safari Den, get your scratch card and start scratching to see which target prize you have hit.

# AUAS VALLEY SHOPPING MALL: 16 800M² OF SHOPPING UNDER ONE ROOF

Auas Valley Shopping Mall offers you a number of customer friendly businesses under one roof and a shopping experience with a difference.

Anchor tenant Model Pick 'n Pay Family Supermarket offers you a wide range of daily fresh products, groceries and bakery. Indulge in the mouth-watering freshly made salads from the salad bar or make your selection from specially pre-packed meat.

Model Pick 'n Pay Family Supermarket trading at the Auas Valley Shopping Mall offers you peace and tranquillity, with ample space between product shelves for customers to move about. Model Pick 'n Pay has also added a new and special range of children's and adult clothing to their extensive selection of products. Model Pick a Pay is open 7 days a week for your shopping convenience. Visit Model Pick 'n Pay for the best price in town, friendly staff and best customer service.

Have you seen what Safari Den has to offer this winter? Safari Den trades from the Auas Valley Shopping Centre and is more than your one-stop safari and outdoor shop. A visit to Safari Den will take you through their wide range of hunting, camping, safari and rifle-sporting needs. Any serious gunman will tell you that a good set of eyes is important, but just as important is the quality of your gear. With the hunting season in full swing, Safari Den offers you quality service, expertise and advice tailored to meet your hunting needs.

Agra's flagship Windhoek branch trades in the Auas Valley Shopping Mall. According to Peter Kazmaier, "Agra does not only cater for farmers. Agra has also expanded its product range to offer more variety to local and urban shoppers". Agra's extra checkout points, new customer service counter and improved loading facilities make the journey into town worthwhile and pleasant. Agra now gives you the opportunity to win lots of prizes in the annual hunting competition which is currently underway. Spend at least N$1000 on our wide selection of groceries, pet, gardening, pool, outdoor and farming products, get your scratch card and start scratching to see which target you have hit from the many prizes on offer.

Auas Valley Shopping Mall has it all. You can indulge in a nice cup of coffee, buy flowers for a loved one or stock up on much needed medical and veterinary supplies. The convenient location, free and ample parking within a safe and friendly environment make Auas Valley Shopping Mall, situated in Bessemer Street, Southern Industrial Area, the ideal spot to do all your shopping.

Visit Auas Valley Shopping Mall, your one-stop shopping destination!

Pick 'n Pay
MODEL · FAMILY Supermarkets
AUAS VALLEY SHOPPING MALL
Welcome to our world of Quality, Value, and Convenience. At our new Auas Valley store, shopping is so much easier.
100% Namibian 100% FOR YOU
We're on your side.

# KOM SKIET SAAM MET SAFARI DEN BY STAMPRIET SKOU 6 & 7 SEPTEMBER

Kan jy nog 'n kopskoot skiet? Tref die kol met Safari Den en PMP by vanjaar se Stampriet Skou!

Na 'n uiters suksesvolle groeperingskietkompetisie by die Outjo Wildfees, bied Safari Den ook vanjaar 'n skietkompetisie by die Stampriet Skou aan. Safari Den gaan ook 'n uitstalling van alle kampeertoerusting, jagbenodighede en vleisverwerkingstoerusting aanbied. Personeel van Safari Den sal in samewerking met PMP-kenners die groeperingskietkompetisie fasiliteer.



Die groeperingskietkompetisie word geborg deur Safari Den en PMP Pro-Amm wat die ammunisie borg. Groot pryse kan vir die beste senior skut, junior skut en vroueskut losgeskiet word. Die skietkompetisie sal aangebied word op die 6de September vanaf 14:00 nm en op die 7de September sal die eerste skote om 08:00 die oggend klap.

Die Pro-Amm kompetisiereëls sal streng nagekom moet word en behels kortliks die volgende:

- Die groepering word geskiet uit 'n sittende posisie by 'n skiettafel oor 'n afstand van 100 meter.
- Die skut word toegerus met vier patrone en mag 'n oefen opwarmingskoot skiet. Hierdie skoot mag nie op die teiken geskiet word nie. Hierna skiet die skut 'n drie-skoot groepering op die teiken. Die groepering kan enige plek op die teiken wees.
- Die groepering word gemeet deur die afstand van die senterpunte van die twee verste skote te meet.
- Groeperings wat 20 mm en kleiner is, kwalifiseer vir deelname aan die SA Pro-Amm Groeperingskietkampioenskappe in 2008.
- Slegs standaard jaggewere mag gebruik word.
- Geen ander ammunisie anders as Pro-Amm, soos deur PMP voorsien, mag gebruik word nie.

Bogenoemde is slegs enkele van die belangrikste reëls. Vir enige verdere navrae kan u gerus vir Dirk Coertzen direk by SAFARI DEN skakel by telefoon 061-2909294. Kom skiet saam en deel in die wonderlike pryse wat op die spel gaan wees.

# KARIBIB FARMERS CELEBRATE 100 YEARS

The Karibib Farmers' Association celebrated its 100th anniversary on 16 June, a remarkable achievement indeed. The Klippenberg Country Club played host to a number of invited guests from the agricultural fraternity and sponsors.

Peter Kazmaier attended the celebrations and represented Agra in his capacity as Agra's Chief Executive Officer. Peter Kazmaier said in his opening remarks that the first agronomic census took place in 1910 in the Karibib district. The figures counted in the 1910 agronomic census grew from strength to strength during the decades that followed.

The founding members of the farmers' association must have had a vision of what was to come when they founded this association one hundred years ago. "From Agra's side we would like to assure you, that we will continue to remain a partner as long as we have a role to play, a contribution to make and as long as we can offer a realistic business service to the surrounding farming community. We are happy and proud to be of service to the Karibib farming community and the Namibian community at large" said Peter Kazmaier.

As the country's largest multipurpose co-operative with over 7000 members, Agra is proud to have been one of the major players in Namibian agriculture for the past 27 years.

Agra's sponsorship contribution towards the centenary celebrations of the Karibib Farmers' Association is not only an opportunity to communicate with members and clients but also a chance to provide assistance with regard to social development and business growth. The evening was well attended and enjoyed by all the guests present.




**Karibib town with its historical architecture hosted the 100th centenary celebrations of the Karibib Farmers Association**

# DO I NEED A LIVESTOCK WATCHDOG

If you are a small-stock farmer whose stock goes to veld unattended and you are experiencing losses to predators, you should consider the use of a livestock watchdog. According to Agra's livestock specialist, farmers must remember that the dog will need correct training, proper feeding and supervision to ensure that it fulfills its duty, does not injure your livestock or chase game. A well-trained and cared for livestock watchdog will reward its owner by guarding and protecting his livestock night and day.

### 1) WORKING DOGS: GUARDING VS HERDING BEHAVIOUR

When choosing a watchdog for livestock, Agra's livestock specialist advises farmers to be aware that there are two kinds of working-dog behaviour. Firstly there are dogs that display a herding behaviour. They actively move livestock and when they sense danger, they move the stock away from the threat. Secondly, there are dogs that show guarding behaviour. These dogs do not move stock and will not bring the stock home, but they stay with the stock at all times and act as their "bodyguard", actively protecting livestock from predators.



*The Australian Cattle Dog is knows for its excellent herding abilities and toughness. This dog is trustworthy, courageous and is exceedingly devoted to the given duties*

### 2) I HAVE A WATCHDOG FOR MY LIVESTOCK BUT AM STILL LOSING LIVESTOCK, WHY?

Agra's livestock specialist advises owners that when it comes to livestock watchdogs, size really does matter. Many Namibian goat- or sheepdogs are small, whereas the predators for example cheetah and leopard, are often big. It is unrealistic to expect a small dog to protect the livestock from large predators, this must be done by a large dog. When choosing a dog you need to know what both parents look like to ensure your dog will grow big enough to defend your livestock from threatening predators.



*Shiloh Shepherd: their big body features and a fearless temperament make them great watchdogs*

### 3) PUPPY CARE & VACCINATIONS

Livestock watchdogs need proper protection from deadly diseases. Agra's livestock specialist recommends the following vaccinations for your puppy:

6 8 weeks: initial 5 in 1 vaccination

10-12 weeks: booster 5 in 1 vaccination

14-16 weeks: booster 5 in 1 vaccination & rabies

Adult dogs then receive the 5 in 1 and rabies booster annually.

Puppies should be vaccinated by your vet, but if you do it yourself, make sure that the vaccine stays cool at all times and that your vet shows you how to inject the vaccines correctly.

### 4) LIVESTOCK GUARDING DOG CARE: TICKS

Ticks carry deadly diseases including tick bite fever and biliary. Symptoms of these diseases in dogs include high fever, listlessness, loss of appetite, pale pink or white gums and tongue, weakness, nose bleed and frequently discharge from eyes and nose. Agra's Livestock Specialist advises you to get the correct dip for your livestock guarding dog from Auas Vet Med or your nearest Agra branch. Never use livestock dip on your dog, you could kill it! Products such as tick collars, frontline (pour-on) or spot treatment with tick grease are all effective.

### 5) LIVESTOCK GUARDING DOG CARE: INTERNAL PARASITES - WORMS

Just like livestock, livestock guarding dogs can also suffer from internal parasites such as worms, which can negatively affect your dog's health and ability to work. Signs of worm infestation include a "potbelly" in puppies, while the rest of the puppy is skinny, vomiting, poor coat (dry dull hair), lethargy and diarrhea.

Agra's Livestock Specialist advises you to deworm puppies each time they are vaccinated, thereafter deworm your livestock guarding dog at least twice a year. Ask your vet for suitable products and a schedule for all your dogs.

# PERSONEEL VERANDERINGE BY LEWENDE HAWE

Agra se kleinveevoerkraal by Mariental, wat bekend gestaan het as ALCO, het sedert Desember 2006 geen diere ingekoop nie. Die ongeveer 11 000 stuks kleinvee wat in die kraal was, is intussen uitverkoop.

Wonderlike nuus vir die Suide is dat die ALCO voerkraal vanaf 15 Augustus onder nuwe en onafhanklike bestuur gaan her-open. Mnr Rainier Els (senior) van Aranos gaan hierdie fasiliteit by Agra huur en die voerkraal privaat bestuur. Die personeel wat met ALCO gemoeid was, verskuif na 'n perseel binne die dorp, wat net regs van Agra se handelstak geleë is. Die laaste paar weke word daar hard gewerk aan die verbeteringe van die bestaande geboue om aan alle kliënte 'n aangename dienservaring te bied.

Die naam verander na Mariental Lewende Hawe en daar sal met normale lewende hawe werksaamhede voortgegaan word. Reeds vanaf Maandag, 16 Julie is die kantore oop vir besigheid.

Gert van Wyk wat huidiglik die stoetafdeling saam met Kiep Lepen hanteer, gaan voortaan stoetvee in die Suide hanteer. Sy bykomende verantwoordelikhede gaan wees om die posisie van Streekbestuurder Suide te vul. Gert gaan in die volgende jaar intensiewe opleiding in streekbestuur ontvang. Hy sal op Mariental gevestig wees.

Gert en Annelie Visser wat op Aroab werksaam was, tree af aan die einde van Julie 2007. Hulle het die werksaamhede van die winkel op Aroab hanteer en as lewende hawe agente vir Agra opgetree. Jasper Stoop neem die winkel by hulle oor en gaan ook die funksies van lewende hawe kommissie agent hanteer.

Lewende Hawe se betrokkenheid in die suide gaan opgeskerp en uitgebrei word om 'n groter en meer omvattende diens aan die gemeenskap te lewer.